

## 8 Augustus 2 Timoteus 3:10-17, (Teks: 3:16-17; NGB 7)

### *Die Bybel is voldoende*

Die Bybel is vir ons van onskatbare waarde. Al gee dit nie antwoorde op al ons vrae nie, is alles wat ons nodig het om te weet van God, wat Hy doen en hoe ons moet lewe, daarin geskrywe.

Die Bybel sê wel nie vir ons presies wat in Suid-Afrika vir ons voorlê nie, maar dit sê tog vir ons dat niks op 'n ander wyse sal gebeur as volgens God se raadsplan nie. Al word daar nie in die Bybel presies gesê wat alles in 1999 gaan gebeur nie, word daar wel gesê hoe ons in 1999 moet lewe. Die Bybel maak nie die presiese dag en datum van die wederkoms aan ons bekend nie, maar dit vertel wel vir ons hoe ons gereed moet wees en wat ons in die tussentyd moet doen.

Wanneer ek worstel met liefdeloosheid in my huwelik, vertel die Bybel van God se liefde in Christus. En so leer die Bybel my wat ware, onvoorwaardelike, opofferende liefde is, sodat ek ook so kan liefhê. Wanneer ek worstel met onreg in die wêreld, vertel die Bybel my van die onreg wat Christus aangedoen is, sodat juis daardeur God se geregtigheid kon geskied. Wanneer ek worstel om ander te vergewe, vertel die Bybel my hoe God my vergewe het.

So vertel die Bybel ons van God se groot antwoord in Christus Jesus, ons Here. Hierdie antwoord is voldoende en stel my in staat om in elke situasie te doen, wat God van my vra. Maar om dit te kan doen, moet ek die groot antwoord ken. Ken u dit?

Sing: Psalm 119:1, 7  
(Petrusburg/Boshof)

Ds. J.L. van der Schyff